

SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES

1 DIE BOEK OPENBARING



Inhoudsopgawe

1	Die evangelie vanuit Patmos—(29 Desember–4 Januarie)	4
2	Tussen die kandelaars—(5-11 Januarie)	12
3	God se volk in die stede—(12-18 Januarie)	20
4	Die inhuldiging van die Lam—(19-25 Januarie)	28
5	Die sewe seëls—(26 Januarie–1 Februarie)	36
6	God se verseëelde volk—(2-8 Februarie)	44
7	Die sewe basuine—(9-15 Februarie)	52
8	Satan, ‘n verslane vyand—(16-22 Februarie)	60
9	Satan en sy twee bondgenote—(23 Februarie–1 Maart)	68
10	God se ewige evangelie—(2-8 Maart)	76
11	Die sewe laaste plaë—(9-15 Maart)	84
12	Babilon se oordeel—(16-22 Maart)	92
13	“Ek maak alles nuut”—(23-29 Maart)	100

Redakteurskantoor:

Besoek ons webblad:
<http://www.absg.adventist.org>

Hoofbydraer:

<http://www.absg.adventist.org>

Hoofbydraer:

Ranko Stefanovic

Redakteur:

Clifford R. Goldstein

Assistent-Redakteur:

Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder:

Lea Alexander Greve

Publikasie-Assistent:

Sharon Thomas-Crews

Pacific Press® Koördineerder:

Wendy Marcum

Grafiese Ontwerp en Uitleg:

Lars Justinen

©Alle kopieregte 2019
Wêreldkonferensie van die
Sewendedag-Adventiste Kerk® word

voorbou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (Eerste Kwartaal)*, mag gereedigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die *Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes*; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbereu deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste", "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (standaarduitgawe)* word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die

Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegids staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die bybelstudiegids. Die bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad; en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

Bybelaanhalings

Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die eerste kwartaal 2019 uit die volgende Bybelvertaling aangehaal:
Die Bybel© 1933, 1953, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, en word gebruik met toestemming en voorbehoud van alle regte.

Die goeie nuus vanuit Patmos



Ongeveer tweeduisend jaar gelede was die apostel Johannes na 'n klein rotsagtige eiland in die Egeïese See verban omdat hy 'n getroue getuie van die evangelieboodskap was. Die bejaarde apostel het al die ontberinge van 'n Romeinse gevangenskap verduur. Op een spesifieke Sabbat het hy 'n spesiale besoek van Jesus Christus ontvang, wat gekom het om sy lydende dienskneg te bemoedig. Deur middel van 'n reeks visioene het Jesus hom die panoramiese geskiedenis van die kerk getoon wat God se volk sou meemaak terwyl hulle op hulle Heer se terugkoms gewag het.

Johannes het dit wat hy in die visioene gesien het, getrou op 'n perkamentrol neergeskryf en dit in Openbaring 1:1 as “Die Openbaring van Jesus Christus” aangedui. Die boek wat hy geskryf het, openbaar wat Jesus in die hemel gedoen het ná sy hemelvaart, en wat Hy gaan doen wanneer Hy terugkom. Die doel hiervan was om Christene deur die eeue heen van Christus se teenwoordigheid te verseker en om hulle te bemoedig te midde van die daaglikse beproewings van 'n gevalle wêreld wat onder die groot stryd gebuk gaan.

Gedurende hierdie kwartaal gaan ons hierdie boek ondersoek. Weens beperkte spasie sal ons nie die woordinhoud (die teks) breedvoerig kan ontleed nie, maar in plaas daarvan, eerder in breë trekke op die boek se hoofdele en temas fokus. Lesers word sterk aangemoedig om die teks persoonlik na te vors en hul eie te maak. Die gedagte is om goed bekend te raak met die boek se hooftemas, en om te sien dat dit inderdaad Jesus Christus, sy lewe, sy dood en sy bediening namens sy volk, openbaar.

Hierdie studie oor Openbaring word soos volg geformuleer:

1. Die Bybelse begrip van die inspirasie van die Woord vorm die uitgangspunt. Alhoewel die boodskappe van die boek van God afkomstig is, word dit in menslike taal gekommunikeer. Deur gebruik te maak van die taal en beelde uit die geskiedenis van God se volk in die Ou Testament, gaan ons ontdek hoe Johannes daardie boodskappe oorgedra het.
2. Die profesieë van Openbaring word ontleed en toegepas deur die gebruik van die historiese metode van profetiese interpretasie, wat leer dat profesie die loop van die geskiedenis volg vanaf die antieke verlede tot aan die einde van die wêreld. Deur liever nie aan 'n teks 'n voorafbepaalde interpretasie te gee nie, sal ons alles moontlik doen om die regte betekenis van die teks self af te lei deur die taalgebruik, die beeldspraak, en deur die konteks in ag te neem.
3. Die organisatoriese struktuur van Openbaring is in baie opsigte uiters belangrik vir die verantwoordelike toepassing van die boek se profesieë. Ons ontleding van die boek sal op die drievoudige struktuur van die boek gegrond word:
 - a. Openbaring 1:9–3:22 het hoofsaaklik te doen met die kerke van Johannes se tydvak; die teksverse gee ook profetiese uitsprake oor die situasie van die kerk in die verskillende periodes van die geskiedenis.
 - b. Openbaring 4:1–11:18 herhaal die geskiedenis van die kerk vanaf Johannes se tyd tot die tyd van die einde deur middel van simbole wat meer detail byvoeg.
 - c. Openbaring 11:19–22:5 fokus hoofsaaklik op die tyd van die einde.
4. 'n Betekenisvolle interpretasie van Openbaring se profesieë moet Christusgesentreer wees. Die hele boek was met Christus as die middelpunt, geskryf. Dit is alleenlik deur Christus dat die simbole en beelde van die boek van Openbaring hulle volledige betekenis en belangrikheid kry.

Openbaring is vol beloftes van seëninge aan hulle wat lees of luister na die woorde, en wat daarop let en op die vermaninge ag slaan: “Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby” (*Openbaring 1:3*). Terwyl ons die boek ontleed, word jy uitgenooi om vir jouself die dinge wat jy moet hoor, te ontdek, onderwyl ons op die koms van ons Here Jesus Christus wag.

Ranko Stefanovic, Ph.D., is professor van die Nuwe Testament by die SDA Teologiese Seminarie, Andrews Universiteit. Hy spesialiseer in die Boek Openbaring. Hy is outeur van 'n kommentaar oor Openbaring getiteld “Revelation of Jesus Christ” en die boek, “Plain Revelation”. Sy lesings oor Openbaring word al 'n geruime tyd op die televisiekanaal, 3ABN, uitgesaai.